

God het ons tussen beginsellose so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

ds. PJ Kriel

17.07.2106

Liedere: Lied 205 3 verse; Lied Ps. 5 al 5 verse.

Inhoud Hierdie preek wys hoekom gelowiges gekweld en gepynig word in hierdie wettelose en beginsellose gemeenskap waarin ons nou leef. Dit wys op al die waanbeelde en veroordelings wat aan Christene toegedig word omdat hulle gekweld is en seer het. Dit wys ook dat dit nie verkeerd is nie maar hoe die genade van God ons laat wees. Dit wys dat in hierdie pyn ons groei in die kennis van die Here en dat ons nie geestelikheid kan gebruik om aan hierdie seer te ontkom nie.

Skriflesing 2 Petrus 1: 1- 1-7; 2:4 – 9; 2: 20 – 22; 3: 11, 12 en 17-18.

Teks 2 Petrus 3: 11 “As al hierdie dinge so sal vergaan, watter besondere mense moet julle dan nie wees nie, mense wat 'n heilige lewe lei en aan God toegewy is.

Tema God het ons tussen beginsellose so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

1. Uit al ons gesprekke met mekaar elke dag is daar saak wat uitstaan – ons gekweldheid en seer met alles wat rondom ons verkeerd is. Daarom moet ons vanoggend in die Woord van die Here onself binne hierdie tipe omstandighede kan vind en begryp sodat ons

- nie 'n misplaasde en verwronge beeld van ons eie gekweldheid en seer kry begin vorm nie,
- of ander mense se misplaasde verduidelikings van wie en wat ons is, aanvaar nie
- of nog erger, die kwaadwillige veroordelings vir hierdie gekweldheid en seer wat ons in ons rond dra oor ons self begin aanvaar en ons onself vir hierdie gekweldheid en seer begin veroordeel nie.

Hoekom is ons só gekweld en word ons so gepynig deur wat met ons gebeur en om ons aan die gang is?

2. Dit is presies dieselfde omstandighede wat die apostel Petrus in hierdie brief aanspreek.

In die jare sestig na Christus was die gemeentes van die Here al om die Middellandse See gekweld en gepynig oor die wêreld waarin hulle geleef het.

God het ons tussen beginsellose so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

Kyk weer hoe beskryf die apostel Lot se gekweldheid na hoofstuk 2 verse 7 en 8

“en as Hy die regverdige Lot, diep gekwel deur die onsedelike leefwyse van beginsellose van beginsellose mense, gered het – die regverdige man het, terwyl hy onder hulle gewoon het, op grond van wat hy gesien en gehoor het, sy regverdige siel dag in en dag uit oor hulle wettelose optrede gepynig.”

Ons is net soos Lot gekwel en kry seer – dag in en dag uit! Hierdie pyniging is iets wat hy met homself doen. Hy verkies en sukkel die hele tyd in sy binneste met die wetteloosheid en beginselloosheid om hom waarmee hy nie vrede kan maak nie

- Gepynig in ons regverdige siele oor wetteloosheid en
- gekwel oor die onsedelike leefwyse van beginsellose mense!

Dit is wie en hoe ons as kerk van die Here is!

3. Lot was nie 'n depressielyer wat altyd net maar die verkeerde in die wêreld raakgesien het nie. Hy was nie 'n mens wat altyd net gesien het die glas is halfleeg terwyl hy eintlik moes gesien het die glas is half vol nie.

Hy kon nie vir hierdie gekweldheid en pyn antidepressante gedrink het nie. Die gekweldheid was in sy regverdige siel, nie in sy gemoedstoestand nie. Die pyn was oor wetteloosheid, nie oor 'n serotonien te kort in sy brein nie.

Lot was ook nie 'n man met 'n pynlike verlede wat getraumatiseerd was deur geweld nie.

Hy kon nie vir hierdie gekweldheid in sy siel en hierdie pyn oor wetteloosheid 'n berader gaan sien wat hom beter sou laat voel nie.

Lot was ook nie 'n onversoeningsgesinde mens nie.

Dit wat sy siel gekwel het en hom seergemaak het, kon hy nie mee versoen nie. Die apostel Petrus se hele betoog in hierdie preekbrief is dat hulle nooit met dit wat hulle hier kwel en pynig mag versoen nie. Die grootste gevaar in die brief is dat hulle juis met dit wat hulle kwel en seermaak hulle self wou versoen, om nie meer se gekweld en gepynig te wees nie.

4. Watter soort mens is jy as jou siel gekweld is oor ander mense se beginselloosheid en sy seerkry deur ander mense se wetteloosheid?

Dit is die ontdekking waarvoor die apostel hulle stel: hulle moet die bron en rede vir hierdie gekweldheid en pyn ontdek!

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

Dit is die tema vir alles wat in die brief gesê word en word so aan die lidmate aangekondig in hoofstuk 1 vers 1: “die wat dieselfde geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van ons God en die Verlosser, Jesus Christus.”

Die bron van al ons gekweldheid en seer is **die gawe** wat God ons gegee het: geloof in Jesus Christus. Die bron van seer is **die wyse** waarop God ons hierdie gawe gegee het: deur die Vader en Jesus Christus se geregtigheid.

Dit wat die Here met ons gedoen het, het ons mense gemaak wat gekweld is oor ander mense se beginselloosheid en seerkry deur ander mense se wetteloosheid.

Dit is die tipe mens wat jy is as jy so gekweld is en so seerkry: 'n mens wat geloof ontvang het deur die geregtigheid van God! Mense wat soos Noag en Lot genoem word: regverdige mense, mense wat boodskappers is van geregtigheid!

5. Wat is hierdie gawe wat ons soveel hartseer veroorsaak in hierdie wêreld?

Dit is die gawe om te glo dat jy 'n regverdige is en die gawe ontvang het om die pad van geregtigheid te leer ken het. (2:21)

Wie van u sien u vanoggend self so? Ek is 'n regverdige wat die pad van geregtigheid leer ken het?

Ons is heeltemal te huiwering om dit van onself te glo of ons self so teenoor ander mense te sien. Daar is baie goeie redes ook vir hierdie huiwerigheid.

Die een is dat elke wettelose en beginsellose mens in hierdie land glo hy is reg en geregverdig in wat hy verkeerd doen.

- Dink u die pas afgedankte hoof van die SAUK sien sy arrogante eiemagtigheid waarin hy mense afgedank en onderwerp het aan sy eie dwaashede as verkeerd?
- Dink u die president van die land sien sy steel van staatsgeld vir privaatbelange as verkeerd?
- Dink u al die staatsamptenare wat die belasting plunder vir hulle eie voordeel sien hulle geldgierigheid as verkeerd?

Dit is hoekom ons baie keer huiwerig is om onself as reg en geregverdig te sien en te aanvaar. Want dan lyk dit mos asof ons net soos hierdie wettelose en beginsellose mense is. Ons ontken alles wat ons verkeerd doen en ons verskoon ons self as reg en geregverdig in al ons wandade.

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

Die ander rede is hierdie sieklike demoedigheid wat kerke in die land aan mense voorhou. Volgens hulle lê die fout vir alles altyd by jou, Daarom mag jy nooit volgens hulle boetedoeningsgeestelikheid jou self aanvaar as reg en regverdig nie:

- Jy as ouer moet die rede vir jou kind se wangedrag by jouself en nie by jou kind soek nie;
- Jy as eggenoot moet altyd aanvaar jy is die oorsaak van jou huweliksprobleme en
- Jy as burger van die land moet aanvaar jy is die oorsaak van die plunder, geweld, moord, bedrog en armoede in die land,

en daarom mag jy jouself nie sien as reg en regverdig teenoor ander wat jy sien as wetteloos en beginselloos nie.

6. Petrus wys ons dat Noag die boodskapper van geregtigheid was, dat Lot 'n regverdige mens was, en dat hulle vir ons tot voorbeeld dien. Die apostel Petrus maak dit nie sommer self op nie. Hy is besig om dit aan te haal uit Genesis 6: 9 “Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel. (1953)...¹¹ maar die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld.¹² Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot.”

Dit is dieselfde Noag waarvan die Woord van die Here wys dat na die afloop van die sondvloed homself so dronk gedrink het dat hy poedelnakend in sy tent gelê het en sy seun sy naam in die openbaar gaan belaglik maak het. Dit is hierdie Noag wat die Here regverdig en opreg noem en stel dat hy met God op die pad van geregtigheid gewandel het.

Lot word ook die regverdige man genoem, meer as dit, dit is van Lot spesifiek dat die apostel Petrus dan getuig dat hy sy eie siel dag en nag gepynig het oor al die sedeloosheid en ongeregtigheid binne die stede Sodom en Gomorra waarin hy gewoon het.

In presies dieselfde verhaal in Genesis oor hoe gekweldheid hy oor die ongeregtigheid om hom was, hoe hy reg en regverdig teenoor vreemdelinge opgetree het, word vertel hoe sy twee dogters hom dronk gemaak het en hulle by hom kinders gehad het terwyl hulle in spelonke moes leef en wegkruip vir kwaadwillige mense. Genesis 18.

Dit is nou hierdie dronk Noag en die Lot wat Petrus regverdiges noem wat met God op die pad van geregtigheid wandel?

7. Wat maak sulke mense so anders dat hulle as voorbeelde van regverdige mense in die Woord van God voor gehou word?

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

Want dit is nie omdat hulle nie ook sondes doen nie of nie skandes het nie.

Dit is presies net hoekom Petrus in hoofstuk 1 vers 1 hierdie geregtigheid só beskryf: “die wat dieselfde kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van God en ons Verlosser Jesus Christus.”

Die geregtigheid van God is dat hy mense soos Noag en Lot regverdiges maak: sý regverdiges! Sulke mense laat Hy op die pad van geregtigheid wandel, (2: 21)soos Noag met God gewandel het.

Wat hulle anders maak is nie dat hulle nie ook verkeerd doen, nie skandes maak of nie sondig nie. Wat hulle anders maak is wat die geregtigheid van God met hulle doen. Dit is God se geregtigheid wat hulle regverdiges maak.

Dit is hoe ons Verlossing deur die hele Nuwe Testament aangekondig word. God se geregtigheid maak ons God se regverdiges! Ons is nie volgens ons self regverdiges nie! Ons is nie volgens ander mense regverdiges nie! Ons is God se regverdiges wat ons deur sý geregtigheid so maak.

8. Dit was ook Martin Luther se ontdekking in 1518 en waarvan ons vandag nog as kerk deel het: ons is God se regverdiges, mense wat net soos Noag en Lot regverdig is, al het hulle ook gesondig en skandes gehad...

Hoe maak God se regverdigheid ons regverdige mense vir God?

Dit is wat God die Vader deur Jesus Christus met ons doen.

- Christus is in ons plek die regverdige mens wat ons nie kan wees nie. Christus was die mens wat Noag, Lot en ons nie self kan wees nie – ’n mens wat God se wet sonder sondes en skandes onderhou het.
- Christus was die mens wat vir die onreg en ongeregtigheid van ’n Noag en Lot alles skuld betaal het, alle oordeel verreken het, alle vervloeking gedra het, en alle verwerping deurgegaan het, sodat God nooit dit met ons sal doen wat Hy met Christus gedoen het nie.
- Christus is vandag die Verlosser wat ons in onself in wie Hy as regverdige mens om alles wat Hy in ons plek is met Hom te deel. Wat ons met Hom deel maak ons God se regverdiges.
- Christus verander ook só ons lewe dat ons volgens 2 Petrus 3 die hart het om ons aan God toe te wy (1:3), aan Hom en sy heilige gebod (2:21). Omdat ons

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

vir Hom regverdig en heilig is, kan en wil onself aan sy gebod verbind en daarvolgens vir Hom reg en regverdig lewe.

Dit is in hierdie kosbare geloof (1:1) dat ons mense is wat in die liefde, genade en vrede wat God ons skenk wil leef volgens sy heilige gebod. Die apostel Paulus verwoord hierdie manier waarop God ons sy regverdiges maak, ook vir die Noag en Lot met hulle skandes só in Kolossense 1 vers 22 “maar hou het Hy julle deur sy liggaam met Homself versoen sodat Hy julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.

So maak God 'n Noag met sy skande in 'n tent en Lot met sy skande in sy spelonk en en ons, sý regverdiges. Deur 'n magsdaad van God self maak Hy ons sý heiliges, sý foutloses en sý onberispelikes.

9. Wat maak dat ons so gekweld is oor die onsedelike lewe van wettelose mense om ons en ons siel so pynig oor die wetteloosheid om ons!

Ons weet hoe God dit wil hê! Ons wil die lewe hê soos God dit bedoel en wil hê! Daarom kry ons seer wanneer ons sien wat wettelose met God doen en wat onsedelike mense met sy wet doen!

Hulle minag die God wat ons genadig is, ons barmhartig is en ons vrede skenk. Hulle minag die God wie se gebooie vir ons heilig is omdat ons hierdie gebod ken as sy goedheid, liefde en wysheid waarin Hy ons binne sy genade lei om met God as God te wandel.

Ons kry seer en ons is gekweld oor wat God en sy gebod aangedoen word omdat ons God se geregverdiges is!

Dit is hoe ons ons gekweldheid en seerkry in hierdie wettelose en goddelose land en gemeenskap in ons self moet ontdek en aanvaar.

God het ons so gemaak dat hierdie wetteloosheid en beginselloosheid ons kwel en seermaak. God het ons sy regverdiges gemaak om Hom te ken as die God van geregtigheid. Die tipe geregtigheid waarin sondaars weer God se regverdiges kan wees en met God kan wandel in 'n gehoorsaamheid wat god reg maak en reg laat wees.

10. Moet ons van hierdie gekweldheid en seerkry probeer wegkom en ontsnap?

Niks in hierdie brief van die apostel wys vir die gelowiges hoe om van hierdie gekweldheid en seerkry te kan of moet probeer wegkom nie.

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

- Daar is geen belofte van die Here in hierdie brief dat Hy hierdie gekweldheid en pyn gaan wegneem nie. Inteendeel, hulle word daarop gewys dat dit sal aanhou tot en met die wederkoms van die Here.
- Daar is geen beskuldiging of oordeel dat hulle iets gedoen het om hierdie gekweldheid of seer oor hulle self te bring nie. Inteendeel, alles waardeur hulle ons seermaak en kwel word toegeskryf aan hulle sondige geaardheid. Hulle wil soos redelose diere net instinkmatig leef en ons is nie die oorsaak van hierdie driftigheid in hulle nie.
- Daar is geen oproep tot gelowiges dat hulle iets moet doen wat hulle gekweldheid en pyn kan wegneem nie.

Dit is juis die teendeel. Gelowiges word opgeroep om binne hierdie pyn en bedroefdheid standvastig te bly in hulle geloof en toewyding aan die Here. (1: 17) maar nog belangriker, om met hierdie droefheid en pyn, aan te hou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

11. Daarom moet ons ten opsigte van hierdie pyn en droefheid ons self baie deeglik verreken.

- Van hierdie droefheid en pyn kan ons nie ontsnap met emigrasie nie. Ons mag lewensgeleenthede, werkseleenthede en 'n toekoms buite die plundering van hierdie regering en die anargie van hierdie gemeenskap gaan soek. Daarvan mag ons probeer wegkom.

Maar nooit van hierdie droefheid en seerkry nie! Dink u dat in Engeland, Europa, Australië, Amerika en die Ooste gaan jy weg kom van hierdie pyn en hartseer?

Die pyn en hartseer oor mense sedeloos en beginselloos God minag vir sy geregtigheid waarin Hy sondaars verlos en op die pad van geregtigheid saam met Hom laat wandel?

Lande en kontinente waar hulle openlik in skole en die openbare gemeenskap klaskamers met God en sy geregtigheid die spot dryf? Lande vol wittes!

- Van hierdie droefheid en pyn mag ons nie probeer ontvlug of ontkom deur in die stroom van losbandigheid te begin saam gaan nie.

Wat maak ons se seer?

God het ons tussen beginsellooses so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

Die gawe dat God ons vir sy liefde reg gemaak het en met Hom as regverdiges Hom volgens sy wet mag liefhê, terwyl ons ook net soos Lot en Noag is.

Hoe kom jy weg van hierdie pyn en hartseer as dit God se genadegawe is wat hierdie pyn en hartseer in jou lewe veroorsaak? Wanneer dit God se genadegawe is wat jou hierdie geloof gee wat jou so seer en hartseer oor die wetteloosheid en beginselloosheid om jou maak?

Net een manier! Jy moet jou losmaak van dit wat jou bind aan jou hartseer en pyn, God se genadegawe. Dan sal jy ook nie meer die pyn en hartseer beleef van wetteloosheid nie en sal jy ook 'n vryheid beleef dat jy jouself nou in hierdie wetteloosheid en beginselloosheid kan verheug! (2:19)

Baie mense is al reeds op hierdie pad besig om verlei te word deur hulle eie moegheid oor hulle eie droefheid en see. Kom ons aanvaar elkeen is op sy eie manier reg! Niemand is verkeerd nie! Kom ons wees bly oor kos, drank en seks! Want die gawe van God se geregtigheid maak ons te seer en hartseer in hierdie land!

Wil ons hieroor ons van God se genadegawe om vir Hom en sy wet geregverdig te wees losmaak?

- Wil u probeer om van hierdie hartseer en pyn te probeer ontsnap met 'n bygelowige en verwronge geloof in versoening?

Want dit is hoe geestelikes nou 'n nuwe godsbedryf van hierdie hartseer en pyn te maak. Hulle sal jou wys hoe God hierdie hartseer en hierdie pyn in hierdie land sal wegneem!

Wanneer wittes en swartes met mekaar versoen, dan sal alles wat hierdie hartseer in hierdie land veroorsaak verdwyn! Die geweld, die plundering, die bedrog, die diefstal die moorde, die magismisbruik, die naamskending, die verguising, die minagting en moedswillige ontneming van geleenthede vir hulle wat die kan gebruik of verdien.

Wanneer wittes en swartes met mekaar versoen, dan sal die hartseer en pyn oor hierdie wetteloosheid en beginselloosheid verdwyn, want dit sal sommer alle ondeugde verwyder uit die land.

Wil u vir oor u self en ander gelowiges hierdie oordeel en dwaling bring? Dit is ons witheid en ons swartheid wat hierdie hartseer en pyn oor wetteloosheid en beginselloosheid oor ons bring!

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

As ons minder wit en minder swart gaan wees sal God hierdie hartseer en pyn uit die land verwyder – van wetteloosheid en beginselloosheid.

Dit terwyl die Woord van God ons wys, dit is God se genadegawe wat ons weer mense maak wat Hom volgens sy wil kan en wil liefhê wat al hierdie droefheid en seer oor ons bring.

12. Wat is die weg wat die Here vir ons vir met hierdie droefheid en pyn wys?

Kyk weer na 3 vers 18! Die uitdaging en wonder om binne, deur en met hierdie hartseer en pyn te groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Beteken hierdie oproep van die Woord van God ons moet smartvrate en masochiste word? Ons moet ons droefheid en pyn geniet?

Dit is totaal verkeerd om dit so te stel. Dit is ook maar net 'n manier om van hartseer en pyn te probeer ontsnap, om te glo en te maak asof dit so lekker is dat dit nie meer regtig hartseer en pyn is nie.

Hierdie oproep is die oproep om binne dit wat hartseer en pyn is, aan te hou groei in die gawe wat God vir ons gegee het: die genade van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Nie om dit lekker te maak nie!

13. Wat beteken dit?

Kom ons kyk na hierdie besondere vers in 2 Petrus, hoofstuk 3 vers 11: “As al hierdie dinge so vergaan, watter besondere mense moet julle dan nie wees nie – mense wat 'n heilige lewe leef en aan God toegewy is.”

Ons kan glad nie hierdie vers so verstaan dat ons onself besondere mense moet maak nie. Dit is presies teen alles wat in hierdie brief en die res van die Nuwe Testament staan. In die aankondiging van die tema van hierdie brief word dit uitdruklik gestel dat ons die kosbare gawe van geloof dat ons vir God heilig is en ons self aan God mag toewy deur God se geregtigheid, nie deur ons eie geregtigheid nie.

Dit is die geloofsontdekking wat ons moet maak en in moet groei in en deur hierdie wetteloosheid en beginselloosheid wat ons so kwel en seermaak:

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

- watter besondere mense het God ons nie gemaak nie deur die geregtigheid van God, dat ons nie binne hierdie stroom van losbandigheid gekweld is en seerkry oor wetteloosheid en beginselloosheid nie!
- watter besondere mense het God ons nie gemaak nie, dat terwyl ons ook sulke skandes soos 'n dronk Noag en 'n dronk Lot het nie, God ons sy regverdiges en heiliges maak wat ten spyte van ons self nog steeds gekweld is en gepynig word deur wetteloosheid en beginselloosheid nie!
- watter besondere mense het God ons nie gemaak nie, dat ons nie in die stroom van losbandigheid meegesleur wil word nie, maar onself aan die heilige gebod van God wil toewy en Hom volgens sy wet wil liefhê nie!
- hoe besonders is dit nie dat ons so gemaak is dat ons in hierdie wetteloosheid en beginsellose wêreld ons self kan en wil toewy aan die wet van God!

Dit is hoe ons in die genade en kennis van ons Here en Verlosser in hierdie wêreld groei, kyk net wat het die Here met ons binne hierdie wettelose en goddelose land gedoen!

Dit is hoekom ons so gekweld en gepynig is deur alles wat ons as verkeerd sien. Dit moet ons ook vir mekaar kan sê: dank die Here dat ons so kan seer kan kry en gekweld kan wees, en nie gelate is oor alles wat god so onteer nie.

Dit is hoe ons in die kennis en genade van God moet groei. Ons moet ontdek dat ons wat oor sy eer en sy Naam, oor die minagting en die eie magtigheid teenoor God gekweld is en seerkry.

So sal verskil agterkom tussen ons en hulle: wie is die ons en hulle?

Wie is hulle wat ongekweld en gelate met al hierdie wetteloosheid en beginselloosheid is, behalwe as eie posisie, geld en toekoms raak! Hulle wat met alles en almal vrede het totdat jy hulle geld en gemaksone aantast. Dan word hulle strydsvir menseregte! Dan word hulle mense wat veg die grondwet en menseregte teen ongeregtigheid.

Is dit wittes of swartes wat só is? Dit het absoluut niks met wit of swart te doen nie. Hierdie vrede, ongekweldheid en sorgeloosheid oor beginselloosheid totdat ek benadeel word, en dan vir menseregte te veg, is die wêreld van goddeloses.

Is dit wie ons is?

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

Is ons die kerk wat moet veg vir menseregte volgens die grondwet. Ons is nie! Dit kwel en maak ons seer hoe mense menseregte het, vir menseregte veg en kry waarmee hulle God se eer en wet aantast.

Mense wat beginselloos met vrou kan trou of buite die huwelik kan saamleef volgens hulle menseregte. Dit kwel ons. Dit onstel ons. Dit maak ons seer en ons kla en moer daaroor. Ons kan nie verstaan hoe mense met sulke regte God se wet en wil kan minag nie.

Só groei ons binne die kennis en genade van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons ontdek ons is nie so, gelate oor die minagting van God se wet maar kampvegters vir menseregte wanneer ons verontreg word of ons nie ons luste kan bevredig nie. God se geregtigheid het ons so besonders gemaak dat ons nie soos hulle is nie. Ons wil aan God se heilige wet, nie menseregte toegewy wees omdat God ons vir Hom geregverdig en geheilig het.

Dit is nie wie ons is nie! Hulle is so! Gemaklik en opportunisties in die wetteloosheid, maar vryheidsvegters wanneer hulle nie hulle sin en lus kan bevredig nie!

Hulle wat net geleenthede raaksien in al die beginsellose wetteloosheid om hulle. Dit is 'n wit polisieman wat uit al die wapens wat die regering van ons wegneem in hulle drif van ontwapening, wat hierdie wapens aan die moordenaars verkoop waarmee ons aangeval word. Dit is nou in die hof!

Wit prokureurs en sakemanne wat in elke plundertog van hierdie wettelose en beginsellose mense 'n geleentheid sien vir besigheid en selfverryking.

Dit is nie wie ons is nie!

Kom ons groei in kennis en genade van ons Here en Verlosser, Jesus Christus! Kyk wie maak Hy ons! Ons kan nie vreugde vind en geleenthede vir onself sien in beginselloosheid en wetteloosheid nie.

Dit maak ons gekweld en seer! Hoe kan jy uit hierdie wetteloosheid en beginselloosheid van goddeloosheid teen God wat jou liefhet 'n besigheid maak?

Dit is nie wie ons nie! Ons is nie die karikature wat geestelikes van ons maak omdat ons so kla, mor en verwonderd bly oor die wetteloosheid en beginselloosheid om ons nie. Dit is hierdie kerke wat so is!

Ek wil vir u weer herinner aan die grap wat u almal ken. "Ek het met my kar gery. Toe sien ek langs die pad hoe mense 'n man wat lê, skop, trap, klap en op hom

God het ons tussen beginsellooses so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

spoeg. Ek het net daar gestop, 'n ketting uit my kar gehaal en na hulle gehardloop. Toe moes jy sien hoe slaan ons daardie man wat so lê". van ons karikature maak in ons gekweldheid en seer:

Ons lê op die grond in verwondering oor hoe ons in en deur hierdie wetteloosheid en beginselloosheid getrap, geskop en verneder word, en dan?

Dan kom geestelikes en slaan jou met die ketting dat alles waaroor jy so gekweld is en so seer kry is oor jy nie versoen nie, jy nie bekeer nie, jy nie die Here ken nie. Slaan hulle jou met die ketting dat as jy agter wit en swart geestelikes met hulle gekleurde gewade in die strate gaan marsjeer en jou van jou witheid of swartheid sal bekeer, dan sal God alles wat jou so kwel en seermaak uit die land wegvat!

Moet ons ons self so sien en aanvaar soos hulle in hulle verwronge geestelikheid van ons gekweldheid en seer hulle eie misplaasde beelde opbou?

Dit is nie wie ons is nie!

Kom ons groei in hierdie kennis en genade van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

Ons is niemand se skuldiges nie, niemand se onbekeerdes nie, niemand se onversoendes nie, niemans se rassiste omdat ons so gekweld is, so seer kry of so verwonderd praat en kla oor die wetteloosheid en beginselloosheid in ons nie.

Besonders! So besonders dat ons die Here se regverdiges en die Here se heiliges is. So besonders dat ons altyd gekweld sal wees, seer sal kry in dit in verwondering sal bekla, dat mense die Here wat ons so in sy liefde lei, 'n Here kan maak wat ons met kettings slaan nes al die goddeloses dit met ons doen.

Kom ons leef in hierdie besondere guns van God: in hierdie beginselloose en wettelose wêreld het Hy ons vir sy liefde volgens sy wet geheilig. Dit is wie is ons! Terwyl ons in hierdie wonder onself aan Hom en sy wet wy, sal ons altyd gekweld wees, besorgd wees, ons self pynig en verknies oor hoe God met menseregte, vryheid en geestelike versoenings en bekerings geminag kan word.

Hierin bly ons altyd gekweld. Hierin sal ons altyd ons self pynig. Hierin sal ons altyd in verwondering wees: oor wie God ons gemaak het! Ons gaan altyd hieroor praat en kla!

Dit is wie ons is!

God het ons tussen beginselloos so besonders gemaak dat ons ten spyte van ons eie sondigheid vir Hom heilig kan leef.

- Skrifuitleg notas: 2 Petrus.
- Die deurlopende sentrale verkondiging van God gaan oor geregtigheid. Daarom begin die brief met geloof word verkry deur die geregtigheid van God (1:1), sy geregtigheid is die goddelike krag waardeur Hy ons 'n lewe in godsvrug skenk (1:3), maar engele vir hulle sonde geoordeel het, Noag as boodskapper van geregtigheid bewaar het maar die goddeloses met 'n sondvloed gestraf het (2:5), Lot gered het maar die goddelose met vuur gestraf het (2:6 en 7); God red regverdiges uit versoeking maar hou goddeloses vir die oordeel gevange (2:9), vernietig hulle (2:12), die huidige wêreld word vir vuur op sy gesit en vir die vernietiging van die goddeloses mense (3:7); omdat ons geregtig is verwag ons nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid sal woon (3:13)
- Die spot van die wederkoms van die Here is om 'n bespotting van die geregtigheid van God te maak, sodat hulle in die mag van die natuur sal glo: hierdie wêreld is die enigste reg die reg om te vang en te slag.
- 2 Petrus spreek die verskil aan tussen menseregte, die mens se natuurlike regte en die geregtigheid van gelowiges. Gelowiges het deur God die reg ontvang om God volgens sy wet te mag dien en liefhê.

Prediking notas

- Die spottende aanval op die belofte van die Here se koms gaan oor die magsdrif dat God nooit sonde in die toekoms sal oordeel en daarom ook nie besig is om in die hede sonde te straf nie.
- Daarom word met spot die mag van die goddelose bevestig dat daar geen ander reg is as die reg om te vang en slag nie.
- Met hierdie magsgreep moet die gelowiges glo in die mag van goddeloses: wie mag het, is reg en wie nie mag het, is verkeerd.
- Daar mag in hierdie goddelose magsgreep geen ander hoop en verwagting wees as net die hoop en verwagting wat hulle mag skep nie.
- Die viering van genot as die doel van die lewe is die vangnet van mag;
- Die aanval op die hoop en verwagting van die koms van die Here as regter oor die wêreld is om die lewe van geregtigheid te ontwig en om die kerk pasifisties te maak in die mag van die goddelose.
- Die verset van die kerk is om uit sy geloof in die Here in godsvrug te groei
- Die aanval op die koms van die Here, is 'n aanval op die Here self: op sy mag om sonde in hierdie wêreld te straf en die wêreld deur sy wet te regeer.
- Die verleiding gaan oor om uit die lewe volgens die heilige wet van God verlei te word tot 'n lewe volgens die wet van die natuur mag is reg.